## CYCAD SOCIETY
## OF
## SOUTH AFRICA
**www.cycadsociety.org**

1. NAME

The Society shall be known as the CYCAD SOCIETY OF SOUTH AFRICA, hereafter referred to as the SOCIETY.

2. NATURE

The Society shall be a non-profit organization devoted to promoting interest in and conservation of all cycads in compliance with applicable legislation.

3. STATUS OF THE SOCIETY

3.1. The Society is a non-profit organization, with voluntary membership, and as such an independent legal person.

3.2. The Society may acquire and hold property, independent of its members and likewise may acquire rights and incur obligations and sue and be sued for and by itself independent of its members.

3.3. All property and assets of the Society shall vest in the Society, which shall hold such assets for itself. Individual members shall have no rights in or to any property or other assets of the Society.

3.4. Any obligations, assets or liabilities incurred by or on behalf of the Society shall be for its own account and to the exclusion of the individual members. Any member's liability is therefore limited to any outstanding membership fees.

## BROODBOOMVERENIGING
## VAN
## SUID-AFRIKA
**www.cycadsociety.org**

1. NAAM

Die Vereniging sal bekend staan as die BROODBOOMVERENIGING VAN SUID-AFRIKA, hierna die VERENIGING.

2. AARD

Die Vereniging sal ʼn niewinsgewende organisasie wees wat belangstelling in en die bewaring van alle broodbome in ooreenstemming met toepaslike wetgewing bevorder.

3. STATUS VAN DIE VERENIGING

3.1. Die Vereniging is ʼn niewinsgewende organisasie met vrywillige lidmaatskap, en is as sodanig ʼn onafhanklike regspersoon.

3.2. Die Vereniging kan onafhanklik van sy lede eiendom bekom en eweneens regte verkry en verpligtings aangaan, en in eie reg, onafhanklik van sy lede, dagvaar en gedagvaar word.

3.3. Alle eiendom en bates van die Vereniging berus by die Vereniging, wat sulke bates vir homself besit. Individuele lede sal geen regte hê in, of ten opsigte van enige eiendom of enige ander bates van die Vereniging nie.

3.4. Enige verpligtinge, bates of laste wat deur die Verening of namens die Vereniging aangegaan word, is sy eie verantwoordelikheid en individuele lede word daarvan uitgesluit. Enige lid se aanspreeklikheid is dus beperk tot enige agterstallige ledegeld.

| | |
|---|---|
| 4. AIMS | 4. DOELSTELLINGS |
| 4.1. To encourage the legal collecting, cultivation and propagation of cycads. | 4.1. Om die wettige versameling, kweek en vermeerdering van broodbome aan te moedig. |
| 4.2. To disseminate information on cycads by various means, inter alia through the regular publication of the *Encephalartos*, the official publication of the Society. | 4.2. Om inligting oor broodbome op verskillende wyses te versprei, onder meer deur die gereelde publikasie van *Encephalartos*, die amptelike publikasie van die Vereniging. |
| 4.3. To arrange the legal exchange of plants, seedlings, seed and pollen of different cycad species between members. | 4.3. Om die wettige uitruiling van plante, saailinge, saad en stuifmeel van verskillende broodboomspesies tussen lede te reël. |
| 4.4. To encourage scientific research on cycads. | 4.4. Om wetenskaplike navorsing oor broodbome aan te moedig. |
| 4.5. To promote all aspects of cycad conservation for current and future generations. | 4.5. Om alle aspekte van die bewaring van broodbome vir huidige en toekomstige geslagte te bevorder. |
| 4.6. To foster and maintain links with organizations having similar aims on an international basis. | 4.6. Om op ’n internasionale grondslag bande met organisasies wat dieselfde doelstellings het, aan te moedig en te handhaaf. |
| 4.7. To promote the legal sales of cycads both locally and internationally. | 4.7. Om die wettige verhandeling van broodbome internasionaal en plaaslik te bevorder. |
| 5. CODE OF CONDUCT | 5. GEDRAGSKODE |
| 5.1. Members shall abide by the statutory provisions governing the protection, management and any other aspect concerning cycads on a national or provincial level. | 5.1. Lede sal hulle neerlê by die statutêre bepalings vir die beskerming, bestuur en enige ander aspekte rakende broodbome soos op nasionale of provinsiale vlak voorgeskryf. |
| 5.2. Members shall refrain from any unethical conduct in relation to their own cycad activities. | 5.2. Lede sal hulle, met betrekking tot hul eie broodboomaktiwiteite, weerhou van enige onetiese gedrag. |
| 5.3. Members shall support all the aims of the Society as embodied by the constitution of the Society. | 5.3. Lede sal al die doelstellings van die Vereniging ondersteun soos vervat in hierdie grondwet van die Vereniging. |

| | |
|---|---|
| 6. MEMBERSHIP | 6. LIDMAATSKAP |
| 6.1. Membership shall be open to any natural person, company (legal entity) or institution with an interest in cycads, except in circumstances governed by clause 6.4. | 6.1. Lidmaatskap is oop vir enige natuurlike persoon, maatskappy (regsentiteit) of instelling met ’n belangstelling in broodbome, behalwe in omstandighede deur klousule 6.4 bereël. |
| 6.2. Members who completed an application form with the code of conduct, who was ratified by Council and whose membership fees are fully paid up are considered a member in good standing. | 6.2. Lede wat ’n lidmaatskapvorm saam met die gedragskode ingevul het en wat deur die Raad bekragtig is en wie se ledegeld volledig betaal is, word beskou as ’n volwaardige lid. |
| 6.3. All members in good standing shall be entitled to participate in the activities of the Society, to elect office bearers, to receive the Society's publication and to make use of such facilities as may be offered by the Council or its nominees. | 6.3. Alle lede sal geregtig wees om aan die aktiwiteite van die Vereniging deel te neem, om bestuurslede te verkies, om die Vereniging se publikasie, *Encephalartos*, te ontvang en gebruik te maak van die fasiliteite wat deur die Raad of sy benoemdes aangebied word. |
| 6.4. Council shall have the right to refuse to admit any applicant as a member of the Society if such action is considered to be in the best interest of the Society. | 6.4. Die Raad sal die reg hê om te weier om enige aansoeker as ’n lid van die Vereniging toe te laat as dit tot die beswil van die Vereniging beskou word. |
| 6.5. Council shall allow any person whose application for membership has been rejected, to appeal in person or in writing for the reconsideration of such an application within 6 weeks of such a rejection. | 6.5. Die Raad sal enige persoon wie se aansoek om lidmaatskap verwerp is, toelaat om binne 6 weke van sodanige verwerping, persoonlik of skriftelik daarteen te appelleer vir heroorweging. |
| 6.6. Membership shall consist of 4 groups: | 6.6. Lidmaatskappe sal uit 4 groepe bestaan: |
| 6.6.1. **Normal members**, paying an annual membership fee, annually determined by Council (see 7.1.5 (f)) on the basis of the running costs of the Society. The membership shall extend over the one-year period from 1st January to 31st December. Membership fees shall be payable in advance at the end of each year, but not later than the 1st March, after which membership of defaulters will be terminated. | 6.6.1. **Normale lede** betaal ’n jaarlikse ledegeld, soos jaarliks deur die Raad bepaal (sien klousule 7.1.5 (f)) op grond van die lopende koste van die Vereniging. Die lidmaatskap sal vir ’n tydperk van een jaar duur van 1 Januarie tot 31 Desember. Ledegeld is vooruit betaalbaar aan die einde van elke voorafgaande jaar, maar nie later as 1 Maart nie, waarna die lidmaatskap van wanbetalers opgeskort sal word. |
| 6.6.2. **Student members**, as per 6.6.1, but paying a reduced annual membership fee of an amount determined by Council. They must be younger than 23 years of age and studying at a primary, secondary or tertiary institution and should be able to supply proof of registration if requested by Council. | 6.6.2. **Studentelede** soos per 6.6.1. betaal ’n verminderde jaarlikse ledegeld soos deur die Raad bepaal. Hulle moet jonger as 23 jaar wees en by ’n primêre, sekondêre of tersiêre instelling studeer en moet op versoek van die Raad bewys van hul registrasie kan lewer. |

6.6.3. **Honorary members** can be nominated by any member of the Society for approval by Council. Honorary membership shall extend for the lifetime of the person concerned unless terminated by either the honorary member or Council. The names of the selected honorary members, as well as their achievements, will be published in the *Encephalartos*. As such the certificate will be awarded by a nominated Council member in the regional branch where the nominee resides. Honorary members are exempt from the prescribed membership fees and will fall in one of two categories:

6.6.3.1. The **John Medley Wood Honorary membership** shall be restricted to persons who have rendered outstanding services either in furthering knowledge about South African cycads, or towards their conservation.

6.4.3.2. The **Roy Osborne Honorary membership** shall be restricted to members who have rendered outstanding services to the Society.

6.6.4. **Life membership**, exempt from the prescribed membership fees. Members 65 years and older, who have been an uninterrupted paid up member of the Society for 20 years, will be considered for life membership by Council after receiving written requests for such membership. Names of members who have qualified will be published every year in the *Encephalartos* by the Secretary.

6.7 Disciplinary actions

6.7.1 Council shall have the right to suspend, on a temporary or permanent basis, the membership of any person behaving at variance with the aims or Code of Conduct of the Society, or who may disgrace or potentially disgrace the Society by his/her conduct. This behaviour will be deemed as misconduct and result in immediate suspension.

6.7.2. The hearing of a member who is allegedly guilty of misconduct, (see 5.) will be undertaken according to the rules of natural justice. (Proper hearing)

6.6.3. **Erelede** kan deur enige lid van die Vereniging genomineer word vir goedkeuring deur die Raad. Erelidmaatskap sal geld solank die betrokke persoon leef tensy dit deur die erelid of die Raad beëindig word. Die name van die gekose erelede, asook hul prestasies sal in die *Encephalartos* gepubliseer word. Die sertifikaat sal deur ʼn genomineerde raadslid toegeken word in die streekstak waar die erelid woon. Erelede is vrygestel van die betaling van ledegeld en sal uit twee groepe bestaan:

6.6.3.1. Die **John Medley Wood-erelidmaatskap** sal beperk wees tot persone wat uitstekende diens gelewer het in die bevordering van die kennis van Suid-Afrikaanse broodbome of die bewaring daarvan.

6.6.3.2. Die **Roy Osborne-erelidmaatskap** sal beperk wees tot lede wat uitstekende diens aan die Vereniging gelewer het.

6.6.4. **Lewenslange lidmaatskap** beteken lede is vrygestel van die betaling van ledegeld. Lede wat 65 jaar en ouer is, wat al 20 jaar lank ʼn ononderbroke ten volle betalende lid van die Vereniging is, sal deur die Raad vir lewenslange lidmaatskap oorweeg word nadat ʼn skriftelike versoek vir so ʼn lidmaatskap ontvang is. Die Sekretaris sal die name van lede wat gekwalifiseer het in die *Encephalartos* laat publiseer.

6.7 Dissiplinêre optrede

6.7.1 Die Raad sal die reg hê om die lidmaatskap van enige persoon wie se gedrag van die doelstellings of gedragskode van die Vereniging afwyk of wat die Vereniging in die verleentheid stel of potensieel in die verleentheid stel, tydelik of permanent op te skort. Sodanige optrede sal as wangedrag beskou word en onmiddellike skorsing tot gevolg hê.

6.7.2. Die verhoor van ʼn lid wat hom/haar na bewering aan wangedrag (sien 5.) skuldig gemaak het, sal onderneem word ooreenkomstig die reëls van natuurlike regverdigheid. (Behoorlike verhoor)

| | |
|---|---|
| 6.7.3. Council will inform any member of any suspicion of misconduct by way of registered post. | 6.7.3. Die Raad sal by wyse van geregistreerde pos enige lid van enige vermoede van wangedrag in kennis stel. |
| 6.7.4. Council will allow any such members who have received a letter of notification of suspected misconduct to present their case in person or in writing before the Council or an appointed committee of the Society within 6 weeks after sending such letter. | 6.7.4. Die Raad sal enige lid toelaat om binne 6 weke vandat so ’n brief uitgestuur is, persoonlik of skriftelik hul kant voor die Raad of ’n aangewese komitee van die Raad te stel. |
| 6.7.5. Both parties will be responsible for their own expenses, regardless of the outcome. | 6.7.5. Elke party sal verantwoordelik wees vir sy/haar eie koste ongeag die uitslag. |
| 6.7.6. Membership suspension will become permanent if Council so decides after a proper hearing, either in person or in writing, and will inform such member within 14 days of such decision by registered post. Council retains the right to publish the termination of such a membership in the *Encephalartos*. | 6.7.6. Lidmaatskapopskorting sal permanent wees indien die Raad daarop besluit ná ’n behoorlike verhoor wat in persoon of skriftelik geskied, en die Raad sal so ’n lid binne 14 dae per geregistreerde pos van sodanige besluit in kennis stel. Die Raad behou hom die reg voor om die beëindiging van so ’n lidmaatskap in die *Encephalartos* te publiseer. |
| 6.7.7. Council will terminate any membership, without a hearing, if a member was found guilty by a court of law of any illegal cycad-related activity. | 6.7.7. Die Raad sal enige lidmaatskap beëindig, sonder ’n verhoor, as ’n hof ’n lid aan ’n onwettige broodboomverwante aktiwiteit skuldig bevind het. |
| 6.7.8. An application can be submitted to the Council for the reinstatement of membership. | 6.7.8. ’n Aansoek vir die herinstelling van lidmaatskap kan by die Raad ingedien word. |
| 6.7.9. Any member shall have the right to terminate his/her membership of the Society by written notification to the Secretary-Treasurer. | 6.7.9. Enige lid sal die reg hê om sy lidmaatskap aan die Vereniging te beëindig deur skriftelik kennis te gee aan die Sekretaris-Tesourier. |
| 7. MANAGEMENT | 7. BESTUUR |
| 7.1. Council | 7.1. Raad |
| 7.1.1. The affairs of the Society shall be managed by a Council consisting of:<br>(a) A President<br>(b) A Secretary-Treasurer<br>(c) An Editor of *Encephalartos*<br>(d) A Webmaster | 7.1.1. Die sake van die Vereniging sal deur ’n Raad bestuur word wat bestaan uit:<br>(a) ’n President<br>(b) ’n Sekretaris-Tesourier<br>(c) ’n Redakteur van *Encephalartos*<br>(d) ’n Webmeester<br>(e) Die voorsitter van die bestuurskomitee van |

(e) The chairperson of the management committee of constituted regional branches.

i) Every branch must have a chairperson, and in his/her absence, a deputy chairperson, who will automatically serve on the Council.

ii) Regional branches may appoint another representative if the chairperson:

aa) is elected as one of the office bearers (7.1.1. (a) - (d)); or
bb) is unable to attend a Council meeting.

iii) Constituted regional branches with more than 100 members will have an additional vote for every full 100 members above the first 100 members.

(f) Additional members as may be co-opted by Council for specific purposes.

(g) A Media Liaison Officer

7.1.2. Term of office
The term of office will be two (2) calendar years and will start on 1 January and end 31 December. To ensure continuity, the President will after his two year term, serve in any capacity on the committee for another year. Council members shall serve a two-year term but are eligible for re-election. The term of office of an additional member of Council expires before or simultaneously with that of the Council which co-opted the member but additional members are also eligible for re-election.

7.1.3. Voting rights and quorums
To carry a proposal in Council, more than half its eligible members must support the proposal, irrespective of the number of members participating in the ballot. The Chairman of the Council will have a deciding vote. Unless Council decides otherwise in a specific case, its additional members shall not be eligible to vote in Council. A quorum shall at all times be two thirds of Council members.

konstitusionele streekstakke.

i) Elke tak moet ’n voorsitter, en in sy/haar afwesigheid ’n ondervoorsitter, hê wat outomaties as verteenwoordiger op die Raad dien.

ii) Streekstakke mag ’n ander verteenwoordiger aanwys indien die voorsitter:
aa) verkies word as een van die bestuurslede (7.1.1. (a) - (d)); of
bb) nie in staat is om ’n Raadsvergadering by te woon nie.

iii) Konstitusionele streekstakke met meer as ’n 100 lede sal ’n bykomende stem hê vir elke 100 lede bo en behalwe die eerste 100 lede.

(f) Addisionele lede mag deur die Raad gekoöpteer word vir spesifieke oogmerke.

(g) ’n Mediaskakelbeampte

7.1.2. Dienstydperk
Die dienstermyn sal twee (2) kalenderjare wees wat op 1 Januarie begin en op 31 Desember eindig. Die President sal ná sy tweejaardienstermyn, vir nog ’n jaar in enige hoedanigheid op die komitee dien om kontinuïteit te verseker. Raadslede sal ’n dienstermyn van twee jaar lewer, maar mag herverkies word. Die ampstermyn van ’n addisionele lid van die Raad verstryk voor of gelyktydig met dié van die Raad wat die lid gekoöpteer het, maar addisionele lede mag ook herverkies word.

7.1.3. Stemregte en kworums
Ten einde ’n voorstel binne die Raad goed te keur, moet meer as die helfte van sy stemgeregtigde lede die voorstel ondersteun, ongeag die aantal lede wat daaroor stem. Die Voorsitter van die Raad sal ’n beslissende stem hê. Tensy die Raad anders in ’n spesifieke geval besluit, sal sy addisionele lede nie in die Raad kan stem nie. ’n Kworum sal ten alle tye tweederdes van die Raadslede wees.

| | |
|---|---|
| 7.1.4. Meetings<br>(a) A minimum of one council meeting must be held per annum, this can be by way of an official gathering or a teleconference. Notice must be given 30 days in advance to all Council members of such meetings. The President will usually communicate with the other members of Council on a regular basis in writing.<br>If a motion of no confidence is proposed against any official, a majority of one vote is needed.<br><br>(b) The Council may use electronic mediums (fax or email) for decision-making purposes, with the proviso that the communication must be sent to all the Council officials with acknowledgement of receipt.<br><br>7.1.5. Powers of Council<br>(a) To negotiate on behalf of the Society with any person or body in order to promote or further the aims of the Society.<br><br>(b) To open a financial account(s) at a recognized institution and to grant signatory powers/internet access on such account(s) to the President and two other Council members with the understanding that the signature of only one of the three authorized signatories or internet access, will suffice to validate a transaction.<br><br>(c) To invest the surplus funds of the Society judiciously.<br><br>(d) To co-opt persons or committees for the execution of mandates as directed by the Council for specific purposes.<br><br>(e) To fill on its own initiative, until expiry of the term of office concerned, such vacancies as may arise in either Council or its committees through unforeseen circumstances.<br><br>(f) To set annual membership fees.<br><br>7.1.6. Duties of Council<br>(a) To control and administer at its discretion the affairs of the Society for the promotion of the Society's | 7.1.4. Vergaderings<br>(a) 'n Minimum van een raadsvergadering moet jaarliks gehou word. Dit kan by wyse van 'n amptelike byeenkoms wees of 'n telekonferensie. Alle Raadslede moet 30 dae voor die raadsvergadering kennisgewing daarvan ontvang. Die President sal gewoonlik op 'n gereelde grondslag skriftelik met alle lede van die Raad kommunikeer. Indien 'n mosie van wantroue teen enige ampsbekleder ingestel word, sal 'n eenvoudige meerderheid van slegs een stem vereis word.<br><br>(b) Die raad mag besluite neem per elektroniese media (faks of e-pos) met die voorwaarde dat kommunikasie uitgestuur word na alle Raadslede met erkenning van ontvangs.<br><br>7.1.5. Magte van die Raad<br>(a) Om namens die Vereniging met enige persoon of liggaam te onderhandel om die doelstellings van die Vereniging te bevorder.<br><br>(b) Om 'n finansiële rekening(e) by 'n erkende instelling te open en om tekenregte/internettoegang tot sodanige rekening(e) toe te ken aan die President en twee ander Raadslede met die verstandhouding dat slegs een van die drie gemagtigde handtekeninge of internettoegang voldoende sal wees om 'n transaksie te bekragtig.<br><br>(c) Om enige oortollige fondse doeltreffend te belê tot voordeel van die Vereniging.<br><br>(d) Om persone of komitees te koöpteer vir die uitvoering van mandate soos deur die Raad aangedui vir spesifieke oogmerke.<br><br>(e) Om op sy eie inisiatief, totdat die dienstydperk verstryk, vakante ampte te vul wat weens onvoorsiene omstandighede in die Raad of sy komitees mag opduik.<br><br>(f) Om jaarlikse ledegeld te bepaal.<br><br>7.1.6. Pligte van die Raad<br>(a) Om na sy goeddunke die sake van die Vereniging te |

| | |
|---|---|
| aims. | beheer en te administreer vir die bevordering van die Vereniging se doelstellings. |
| (b) To pay all expenditures and fulfil all obligations for which the Society is legally responsible. | (b) Om alle uitgawes te betaal en om alle verpligtinge na te kom waarvoor die Vereniging wetlik verantwoordelik is. |
| (c) To appoint an auditor who is not a Council member. | (c) Om 'n ouditeur aan te stel wat nie 'n Raadslid is nie. |
| (d) To Prepare a budget for the Society every year, which is to be approved by Council before 31 August of that year. The financial year of the Society is from 1 January to 31 December of every year. | (d) Die voorbereiding elke jaar van 'n begroting vir die Vereniging wat voor 31 Augustus van daardie jaar deur die Raad goedgekeur moet word. Die finansiële jaar van die Vereniging is van 1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar. |
| (e) The financial affairs of the Society shall be recorded by the Treasurer in accordance with an acceptable accounting framework relevant to the Society to the satisfaction of the auditor of the Society. The Treasurer shall annually produce an audited report of the financial position of the Society for publication in *Encephalartos*. | (e) Die finansiële sake van die Vereniging sal tot die bevrediging van die Vereniging se ouditeur deur die Tesourier opgeteken word volgens 'n aanvaarbare rekeningkundige raamwerk wat vir die Vereniging toepaslik is. Die Tesourier sal jaarliks 'n ouditeursverslag van die Vereniging se finansiële stand opstel en laat publiseer in *Encephalartos*. |
| (f) To maintain an up-to-date membership register. | (f) Om 'n bygewerkte lederegister by te hou. |
| (h) Keep a register of all applicable legislation and place it on the website for its members. | (h) Om 'n register van alle toepaslike wetgewing te hou en op die webtuiste vir al sy lede te plaas. |
| (i) Keep records of all Council meetings and activities. | (i) Om rekord te hou van alle Raadsvergaderings en -aktiwiteite. |
| (j) Publish on a regular basis but not less than three times a year the *Encephalartos* reflecting the Society's business, and distribute it to all its members. | (j) Om op 'n gereelde grondslag maar nie minder nie as drie keer per jaar die *Encephalartos* te publiseer wat die Vereniging se sake weergee, en dit aan al sy lede te versprei. |
| (k) Keep copies of the newsletter and relevant documents in a suitable place. | (k) Om kopieë van die *Encephalartos* en toepaslike dokumente in 'n gepaste plek te hou. |
| (l) To call for nominations for Council membership 90 days before the end of term of office by publication in *Encephalartos*. | (l) Om 90 dae voordat die dienstydperk verstryk deur middel van 'n kennisgewing in die *Encephalartos* te vra vir benoemings vir Raadslidmaatskap vir die volgende termyn. |
| 7.2. Regional Branch Management Committees<br>(a) The Management Committee of a Regional Branch | 7.2. Streekstakbestuurskomitees<br>(a) Die Bestuurskomitee van 'n streekstak (sien klousule 8) moet op dieselfde manier bestuur word as |

| | |
|---|---|
| (see clause 8) is to be managed in the same way as Council to whom it is responsible. | die Raad aan wie hulle verslag doen. |
| (b) Regional representatives serving on the Council will elect the President and Council officials for the following year. | (b) Streeksverteenwoordigers wat op die Raad dien, verkies die President en ampsdraers van die Raad vir die daaropvolgende jaar. |
| 8. REGIONAL BRANCHES | 8. STREEKSTAKKE |
| 8.1. The establishment of  a regional branch is subject to the following requirements and the approval of the Council: | 8.1. Die daarstelling van ’n streekstak is onderhewig aan die volgende vereistes en die goedkeuring van die Raad: |
| (a) At least ten paid up members residing in the relevant area must jointly recommend the establishment of a regional branch for the area to Council. | (a) Minstens 10 ten volle betaalde lede wat in die toepaslike gebied woon, moet gesamentlik die stigting van ’n streekstak vir die gebied by die Raad aanbeveel. |
| (b) The geographical area, which will be served by the regional branch, must be demarcated in terms of one or more of the provinces of South Africa. | (b) Die geografiese gebied wat deur die streekstak bedien word, moet afgebaken wees ingevolge een of meer van die provinsies van Suid-Afrika. |
| (c) If the need arises for the establishment of another regional branch within the same province the parties involved must agree on the demarcation of their respective geographical areas according to magisterial districts for approval by Council. The geographical areas of the different regional branches may not overlap. | (c) Indien die behoefte ontstaan vir die stigting van nog ’n streekstak in dieselfde provinsie moet die betrokke partye ooreenkom oor die afbakening van hul onderskeie geografiese gebiede ooreenkomstig landdrosdistrikte vir goedkeuring deur die Raad. Die geografiese gebiede van die verskillende streekstakke mag nie oorvleuel nie. |
| (d) The regional branch is to be provided with a suitable name. | (d) ’n Gepaste naam moet vir die streekstak verskaf word. |
| 8.2. All the members of the Society who reside in the geographical area of a regional branch shall automatically also be members of the particular regional branch. However, members are not prohibited from attending meetings or serving on the management of another branch, should it be more convenient for them. | 8.2. Al die lede van die Vereniging wat in die geografiese gebied van ’n streekstak woon, sal outomaties ook lede van daardie spesifieke streekstak word. Lede word egter nie verhinder om die vergaderings of aktiwiteite van ’n ander tak by te woon, of op die bestuur te dien nie, sou dit meer gerieflik wees vir die lid. |
| 8.3. The Management Committee of a regional branch may not levy membership fees from its members without permission from Council. | 8.3. Die Bestuurskomitee van ’n streekstak mag nie sonder die toestemming van die Raad ledegeld van sy lede hef nie. |
| 8.4. Each regional branch will annually obtain funds from Council on request. The funds will be based on | 8.4. Elke streekstak sal jaarliks op versoek fondse van die Raad verkry. Die fondse sal gebaseer wees op die grootte van die tak se lidmaatskap en sal normaalweg |

the size of the membership of the branch and will normally not exceed 10% of the annual subscriptions of the membership of the branch that are in good standing for the particular year.

8.5. Each regional branch shall annually report to Council on the composition of its Management Committee, and the activities and financial matters of the branch. Regional branches must also publish planned activities in the *Encephalartos* annually.

8.6. Any unspent monies from the grant from Council in a particular year will normally form part of the next year's grant to that branch.

8.7. The members of a regional branch shall elect their own office bearers according to their needs.

9. DISSOLUTION OF REGIONAL BRANCHES

9.1. Any regional branch of the Society shall be dissolved in the event of the membership decreasing to less than ten members or in the event that no formal activity, either in the form of a meeting, or outing or formal newsletter has occurred for a period of 12 months. Council will contact the relevant members and inform them of such a pending dissolution, unless they come up with an alternative.

9.2. Upon the dissolution of a regional branch, any assets or funds after settlement of liabilities shall be forwarded to Council.

10. DISSOLUTION OF THE SOCIETY

10.1. The Society shall dissolve if the total membership becomes less than ten.

10.2. The Society may be dissolved if so desired by the majority of at least two-thirds of the members voting on the matter.

10.3. Notification of intent to dissolve the Society, and an invitation to vote on the matter, shall be given in writing to all members at least thirty days prior to the proposed dissolution of the Society.

nie 10% oorskry van die jaarlikse inskrywings van die tak se lidmaatskap wat vir daardie jaar ten volle betaal is nie.

8.5. Elke streekstak sal jaarliks aan die Raad verslag doen oor die samestelling van sy bestuurskomitee, en die aktiwiteite en finansiële sake van die tak. Die takke sal ook jaarliks die beplande aktiwiteite in die *Encephalartos* laat publiseer.

8.6. Enige onbestede toekenning uit die Raad se fonds in ’n spesifieke jaar sal normaalweg deel vorm van die volgende jaar se fonds aan daardie tak.

8.7. Die lede van ’n streekstak sal hul eie bestuurslede ingevolge hul eie behoeftes verkies.

9. ONTBINDING VAN STREEKSTAKKE

9.1. Enige streekstak sal ontbind word indien die lidmaatskap tot minder as 10 lede daal of as daar in 12 maande geen formele aktiwiteit geskied het nie, hetsy in die vorm van ’n vergadering of ’n uitstappie of ’n nuusbrief. Die Raad sal met die relevante lede in verbinding tree en hulle van die hangende ontbinding in kennis stel, tensy hulle met ’n alternatief vorendag kom.

9.2. Met die ontbinding van ’n streekstak sal enige bates of fondse na die skikking van laste aan die Raad oorgedra word.

10. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

10.1. Die Verenging sal ontbind as die totale lidmaatskap minder as 10 lede is.

10.2. Die Vereniging mag ontbind as dit die wens is van minstens ’n tweederde meerderheid wat oor die saak stem.

10.3. Kennisgewing van die voorneme om die Vereniging te ontbind, en ’n uitnodiging om oor die saak te stem, sal 30 dae voor die voorgenome ontbinding van die Vereniging skriftelik aan alle lede gegee word.

| | |
|---|---|
| 10.4. After settlement of all expenses and liabilities, any assets or funds on hand shall be made over to the National Botanic Institute of South Africa to become the property of that organization for use wholly at their discretion. | 10.4. Ná die skikking van alle uitgawes en laste, sal enige bates of fondse aan die Nasionale Botaniese Instituut van Suid-Afrika oorgedra word en die eiendom van daardie organisasie word om na hul goeddunke te gebruik. |
| 10.5. The assets of the Society shall under no circumstances be handed over to any one member, or shared out between any numbers of members upon dissolution of the Society. | 10.5. Onder geen omstandighede sal die bates van die Vereniging met die ontbinding daarvan aan enige een lid oorgegee word of verdeel word tussen enige aantal lede nie. |
| 11. RESEARCH FUND | 11. NAVORSINGSFONDS |
| 11.1. The Society shall maintain a research fund for the funding of research projects on cycads. | 11.1. Die Vereniging sal ’n navorsingsfonds vir die finansiering van navorsingsprojekte oor broodbome in stand hou. |
| 11.2. Funds available for research will be announced annually. | 11.2. Beskikbare fondse vir navorsing sal jaarliks aangekondig word. |
| 11.3. Interested parties can apply for funding, submitting a detailed proposal to the Secretary for approval by Council. | 11.3. Geïnteresseerde partye kan jaarliks aansoek doen om befondsing deur ’n breedvoerige voorstel aan die Sekretaris voor te lê vir goedkeuring deur die Raad. |
| 11.4. Beneficiaries of the fund must submit a detailed research report for publication in *Encephalartos*. | 11.4. Begunstigdes van die fonds sal ’n omvattende navorsingsverslag beskikbaarstel vir publikasie in *Encephalartos*. |
| 11.5. All members will be requested for voluntarily contributions to the fund as part of their annual membership renewal. | 11.5. Alle lede sal om vrywillige bydraes tot die fonds versoek word as deel van hul jaarlikse lidmaatskaphernuwing. |
| 11.6. Council retains the right to suspend any funding if progress or results are not satisfactory. | 11.6. Die Raad behou hom die reg voor om befondsing op te skort as die vordering of resultate nie bevredigend is nie. |
| 12. ALTERATION OF THE CONSTITUTION | 12. WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET |
| 12.1. No changes shall be made to the constitution, no rule shall be repealed, and no rule shall be added to the constitution without the consent of two-thirds of those members who cast their votes on the matter. | 12.1. Geen wysigings sal aan die grondwet aangebring word nie, geen reël sal herroep word nie en geen reël sal tot die grondwet bygevoeg word sonder die goedkeuring van ’n tweederde meerderheid van daardie lede wat oor die saak gestem het nie. |
| 12.2. Written notification of all proposed changes, and an invitation to vote on the matter, shall be sent to all | 12.2. ’n Geskrewe kennisgewing oor alle voorgestelde wysigings asook ’n uitnodiging om oor die saak te |

| | |
|---|---|
| the members of the Society at least thirty days prior to making the proposed changes. | stem, sal minstens 30 dae voor die voorgestelde wysigings gemaak word aan alle lede van die Verenging gestuur word. |
| 13. INTERPRETATION OF THE CONSTITUTION | 13. INTERPRETASIE VAN DIE GRONDWET |
| If doubt should arise about the meaning and/or intent of any part of the constitution, the interpretation of Council shall be binding on members. Should the Afrikaans and English wording of the constitution prove to differ, then the English wording must be accepted as the legally binding one. | Indien getwyfel word oor die betekenis en/of die bedoeling van enige deel van die grondwet, sal die interpretasie van die Raad bindend wees vir sy lede. Indien die Afrikaanse en Engelse bewoording van die grondwet verskil, moet die Engelse bewoording as die regsbindende weergawe aanvaar word. |